

**26 Augustus**

**Skrifgedeelte: Filippense 1:27-2:11**

**Fokusgedeelte: Filippense 1:27**

### **Eensgesindheid as kenmerk van Christene**

Die eerste sin van Filippense 1:27 bring ons by die kern van Paulus se “blydskapsbrief”. Wat daarna volg, moet in alle erns ter harte geneem word. Van dié toegegewyde Christene in Filippense word verwag dat hulle in volkome eensgesindheid standvastig (moet) saamstry vir die geloof in die evangelie. Dit verwoord egter ook die kern-eis vir elke Christen se lewe, naamlik om lewenslank so op God toegespits te wees dat jy al hoe meer die beeld van Jesus Christus vertoon. Dit is ons elkeen se roeping. Dat ons standvastig moet wees en moet saamstry, waarsku ons dat dit nie ‘n maklike pad is nie. Die oproep tot *volkome eensgesindheid* herinner ons aan die eis om volmaak te wees, soos ons Vader in die hemel volmaak is. Eensgesindheid is die lewenshouding wat ons nodig het om te slaag in hierdie roeping.

*Eensgesindheid* is ‘n term wat ons uiteenlopende gawes en standpunte, maar ook ons gesamentlike roeping erken. Filippense 2:2 verduidelik daarom hoe volkome eensgesindheid lyk: een in liefde – God het ons lief en ons vir Hom; een van hart – elkeen van ons het die voorneme om Godverheerlikend te lewe; een in strewe – ons moet so saamwerk dat ons ons doel kan bereik. Filippense 4:2 bevestig dat die gemeente in hierdie opsig nog moes groei. Filippense 2:1 stel dit duidelik dat elkeen wat in Christus verlos is, wel in staat is om eensgesind saam met medeverloste Christusgerig te kan lewe.

Span ons ons volle krag in om hierdie doelwit te bereik?

*Sing: Psalm 133:1,2 Ds PD van Dyk (Middelburg, Tvl)*